Krane/Cranes.....	22 426 000	1 402 646	2 164 618	5 899 167	7 599 956
Droogdokke en skeepshellings/Dry docks and slipways.....	2 500 000	159 721	239 180	871 333	793 750
Droëmassahanteerinstallasies/Dry bulk handling installations.....	34 687 000	2 728 079	2 781 190	10 071 328	9 947 458
Diverse/Miscellaneous.....	7 874 000	598 740	405 505	2 336 728	1 546 509
Hulpdiens/Subsidiary service:					
Vuurtorings/Lighthouses.....	3 871 000	299 485	354 620	1 217 429	1 300 972
Netto-inkomsterekening/Net revenue account:					
Rente op beleggings/Interest on investments.....	4 562 000	349 937	510 202	1 451 867	1 752 786
Diverse ontvangste/Miscellaneous receipts.....	100 000	7 623	111 614	31 249	184 606
Totaal—Hawens/Total—Harbours.....	284 166 000	19 237 429	24 691 011	74 571 614	104 729 486
<b>Lugdiens/Airways</b>					
Vervoerdienste/Transportation services:					
Passasiers/Passengers.....	522 174 000	34 569 849	45 533 324	123 652 693	164 463 880
Pos/Mails.....	10 616 000	784 661	916 273	3 110 990	3 738 853
Vrag/Freight.....	98 330 000	6 654 175	8 557 750	25 621 115	32 416 585
Oormassabagasje/Excess baggage.....	1 809 000	130 468	153 189	520 284	590 003
Huur van vliegtuie/Hire of aircraft.....	2 750 000	298 335	263 650	1 081 825	834 649
Buffetvoorraad/Bar stock.....	3 000 000	246 191	286 660	844 630	1 040 129
Kommissie/Commission.....	4 300 000	283 051	368 888	1 133 875	1 489 161
Algemene hantering en bediening/General handling and attendance.....	4 092 000	384 441	462 320	1 149 516	1 410 075
Grondvervoer/Ground transportation.....	100 000	64 253	8 030	240 245	29 871
Ander lugdiensdienste/Other airways services.....	2 422 000	170 898	224 507	673 274	1 193 700
Netto-inkomsterekening/Net revenue account:					
Rente op beleggings/Interest on investments.....	13 798 000	1 765 565	1 509 152	7 197 386	5 520 308
Diverse ontvangste/Miscellaneous receipts.....	12 100 000	828 757	691 762	3 895 507	2 656 901
Totaal—Lugdiens/Total—Airways.....	675 491 000	46 180 644	58 975 505	169 121 340	215 384 115
<b>Pyppeleidings/Pipelines</b>					
Vervoerdienste/Transportation services.....	152 750 000	8 499 744	15 178 899	41 039 547	59 029 432
Netto-inkomsterekening/Net revenue account:					
Rente op beleggings/Interest on investments.....	2 682 000	643 770	285 110	2 660 592	1 007 225
Diverse ontvangste/Miscellaneous receipts.....	400 000	691	532	6 226	2 127
Totaal—Pyppeleidings/Total—Pipelines.....	155 832 000	9 144 205	15 464 541	43 706 365	60 038 784
Groototaal/Grand total.....	4 389 000 000	303 806 351	389 129 949	1 146 718 179	1 491 657 619
<b>Bedryfsresultaat/Results of working:</b>					
Totaal inkomste—Alle dienste/Total revenue—All services.....	4 389 000 000	303 806 351	389 129 949	1 146 718 179	1 491 657 619
Totaal uitgawe—Alle dienste/Total expenditure—All services.....	4 385 450 000	309 491 854	364 117 328	1 182 204 552	1 430 392 191
Surplus.....	3 550 000	—	25 012 621	—	61 265 428
Tekort/Deficit.....	—	5 685 503	—	35 486 373	—

## KENNISGEWING 626 VAN 1980—NOTICE 626 OF 1980

## DEPARTEMENT VAN POS- EN TELEKOMMUNIKASIEWESE—DEPARTMENT OF POSTS AND TELECOMMUNICATIONS

STAAT VAN INKOMSTE EN UITGAWE: JULIE 1980  
STATEMENT OF REVENUE AND EXPENDITURE: JULY 1980

	Begroting Estimates 1980/81	Maand Julie Month of July		Totaal: April tot Julie Total: April to July		
		1980	1979	1980/81	1979/80	
<i>Inkomste</i>	R	R	R	R	R	<i>Revenue</i>
Posdienste.....	117 185 000	10 601 883	9 218 725	40 550 334	31 498 630	Postal services.
Spaardienste.....	37 840 000	3 572 208	1 052 316	6 940 985	4 746 408	Savings services.
Geldoordragdienste.....	11 273 000	837 252	500 029	3 375 974	1 919 769	Money transfer service.
Agentskapdienste.....	4 620 000	153 690	196 448	647 285	553 254	Agency services.
Telefoondienste.....	815 171 000	66 877 103	51 710 097	269 379 232	198 838 927	Telephone services.
Teleksdienste.....	68 087 000	5 725 912	4 794 084	24 757 983	19 140 867	Telex services.
Gentekdienste.....	21 226 000	1 585 762	1 480 617	6 596 728	5 274 739	Gentex services.
Huurverbandings.....	15 000 000	1 305 696	1 126 825	5 411 744	4 342 448	Leased circuits.
Totaal.....	1 090 402 000*	90 659 506*	70 079 141	357 660 265	266 315 042†	Total.
<i>Uitgawe</i>						<i>Expenditure</i>
Bedryfsuitgawe:						Operating Expenditure:
Pos-, Spaar-, Geldoor- drag-, Agentskapdien- ste en Telekommu- niasie.....	961 017 500	67 861 424	53 420 217	300 710 797	236 456 319	Postal, Savings, Money transfer, Agency services and Telecommunications
Leningsdelging.....	22 866 000	1 334 373	2 225 018	11 805 577	2 225 018	Redemption of Loans
Verhoging van Stan- daardvoorraadkapi- taal.....	6 000 000	—	—	6 000 000	5 000 000	Increase of Standard Stock Capital
Totaal.....	989 883 500	69 195 797	55 645 235	318 516 374	243 681 337†	Total.
Kapitaaluitgawe:						Capital Expenditure:
Telekommunikasie.....	372 674 000	36 081 633	22 254 242	104 658 750	84 419 857	Telecommunications.
Grond, Geboue en Be- huising.....	31 031 750	2 216 476	2 052 395	7 158 084	7 794 885	Land, Buildings and Housing.
Voertuie.....	14 490 000	8 353	378 517	1 174 229	1 054 128	Vehicles.
Kantoor-, Dataverwer- kings-, Poshanterings- en Voorraaduitrusting	6 300 000	336 266	118 387	1 385 192	3 755 033	Office, Data Proces- sing, Mail Handling and Stores Equip- ment.
Totaal.....	424 495 750	38 642 728	24 803 541	114 376 255	97 023 903†	Total.

*Drukkersnota.*—Items stem ooreen met die 1980/81 gedrukte begroting.

*Printers Note.*—Items correspond to 1980/81 printed estimates.

\* Interne heffings nie ingesluit nie.  
Internal charges not included.

† Nóg inkomste nóg besteding is gelykmatig oor die boekjaar versprei. Sekere groot bedryfsuitgawebetelings geskied kwartaalliks, halfjaarliks of jaarliks, terwyl kapitaaluitgawebetelings saamhang met die uitvoering van bepaalde kort- en langtermynkontrakte.  
Neither revenue nor expenditure is evenly spread over the financial year. Certain large operating expenditure payments are made quarterly, half yearly or annually, whilst capital expenditure payments are related to the execution of specific short and long term contracts.

(12 September 1980)

## KENNISGEWING 627 VAN 1980

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG-  
BENUTTING

## WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

AANSOEK OM VERANDERING VAN DIE  
REGISTRASIEBESTEK VAN 'N VAKVERENI-  
GING

Ek, Mattheus Willem Johannes le Roux, Nywerheidsregistrator, maak ingevolge artikel 4 (2) soos toegepas by artikel 7 (5) van bogenoemde Wet, hierby bekend dat 'n aansoek om die verandering van sy registrasiebestek ontvang is van die National Union of Furniture and Allied Workers of South Africa. Besonderhede van die aansoek word in onderstaande tabel verstrek.

## NOTICE 627 OF 1980

## DEPARTMENT OF MANPOWER UTILISATION

## INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

APPLICATION FOR VARIATION OF SCOPE OF  
REGISTRATION OF A TRADE UNION

I, Mattheus Willem Johannes le Roux, Industrial Registrar, do hereby, in terms of section 4 (2) as applied by section 7 (5) of the above-mentioned Act, give notice that an application for the variation of its scope of registration has been received from the National Union of Furniture and Allied Workers of South Africa. Particulars of the application are reflected in the subjoined table.

Enige geregistreerde vakvereniging wat teen die aansoek beswaar maak, word versoek om binne een maand na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing sy beswaar skriftelik by my in te dien, p/a die Departement van Mannekragbenutting, Laboriagebou, hoek van Paul Kruger- en Schoemanstraat, Pretoria (posadres: Privaatsak X117, Pretoria, 0001).

#### TABEL

*Naam van vakvereniging.*—National Union of Furniture and Allied Workers of South Africa.

*Datum waarop aansoek ingedien is.*—10 Junie 1980.

*Belange en gebied ten opsigte waarvan aansoek gedoen word.*—Swartes wat vir die doeleindes van die Wet werknemers is en in diens is in die volgende:

(a) Die Meubelnywerheid in die landdrosdistrikte Alberton, Bellville, Bethlehem, Bloemfontein, Boksburg, Brits, Die Kaap, Durban, Germiston, Goodwood, Heidelberg, Heilbron, Inanda, Johannesburg, Klerksdorp, Kroonstad, Malmesbury, Paarl, Pietermaritzburg, Pinetown, Port Elizabeth, Potchefstroom, Pretoria, Randburg, Roodepoort, Springs, Witbank en Wynberg.

“Meubelnywerheid” beteken, sonder om die gewone betekenis van die uitdrukking enigerwyse te beperk, die vervaardiging, hetsy in die geheel of gedeeltelik, van meubels van alle tipes, afgesien van die materiaal wat gebruik word, en sluit ook die volgende werksaamhede in:

Herstelwerk, stoffeerwerk, herstoffeerwerk, beitswerk, spuitwerk, of poleerwerk en/of herpoleerwerk, die maak van los oortreksels en/of stoelkussings en/of die sny en/of naai en/of hang van gordyne, en/of die maak en/of herstel van raamveermatrasses en/of rame vir stoffeerwerk, houtmasjienwerk, fineerwerk, houtdraaiwerk, houtsnijwerk in verband met die vervaardiging en/of herstel van meubels, die poleer en/of herpoleer van klaviere of die vervaardiging van en/of beitswerk, spuitwerk en poleerwerk en/of herstelwerk aan meubels vir teekamers, kantore, kerke, skole, kroëe of teaters, kabinette vir musiekinstrumente en radio- of draadloos- of televisiekabinette en ook die vervaardiging van alle soorte meubels vir huishoudelike doeleindes sowel as die vervaardiging, van hout, van orrels, biljartafels en/of koelkaste, en ook die vervaardiging of die prosesse vir die vervaardiging van beddegoed, wat só omskryf en vertolk moet word dat dit alle soorte matrasses, veermatrasses, beleglae, kussings, peule en stoelkussings insluit, sowel as die werksaamhede wat uitgevoer word op enige perseel waar houtmasjienwerk, houtdraaiwerk en/of houtsnijwerk uitgevoer word in verband met die vervaardiging van meubels; voorts ook herstelwerk, herstoffeerwerk of herpoleerwerk aan meubels in of in verband met bedryfsinrigtings waarin die voorbereiding van 'n meubelstuk gedeeltelik of in die geheel uitgevoer word, en die fineerwerk aan gelamelleerde blokbord- of laaghoutdeure wat vir meubels gebruik word, en alle gedeeltes van materiaal wat by die vervaardiging van meubels gebruik word, en die vervaardiging van stoep-, tuin- en kampeermeubels, maar uitgesonderd sowel die vervaardiging van artikels wat hoofsaaklik van mandjiesgoed, gras en/of rottang gemaak word, as die vervaardiging van metaalmeubels met inbegrip van die vervaardiging van metaalkatels.

(b) Daardie deel van die Meubelnywerheid gemoed met die vervaardiging van televisiekabinette in die

Any registered trade union which objects to the application is invited to lodge its objection in writing with me, c/o the Department of Manpower Utilisation, Laboria Buildings, corner of Paul Kruger and Schoeman Streets, Pretoria (postal address: Private Bag X117, Pretoria, 0001), within one month of the date of publication of this notice.

#### TABLE

*Name of trade union.*—National Union of Furniture and Allied Workers of South Africa.

*Date on which application was lodged.*—10 June 1980.

*Interests and area in respect of which application is made.*—Black persons who are employees for purposes of the Act and who are employed in the following:

(a) The Furniture Manufacturing Industry in the Magisterial Districts of Alberton, Bellville, Bethlehem, Bloemfontein, Boksburg, Brits, Durban, Germiston, Goodwood, Heidelberg, Heilbron, Inanda, Johannesburg, Klerksdorp, Kroonstad, Malmesbury, Paarl, Pietermaritzburg, Pinetown, Port Elizabeth, Potchefstroom, Pretoria, Randburg, Roodepoort, Springs, The Cape, Witbank and Wynberg.

“Furniture Manufacturing Industry” means without in any way limiting the ordinary meaning of the expression, the manufacture either in whole or in part of all types of furniture, irrespective of the materials used, and shall include the following operations:

Repairing, upholstering, re-upholstering, staining, spraying or polishing and/or repolishing, making of loose covers and/or cushions and/or the cutting and/or sewing and/or fitting of curtains and/or the making and/or repairing of box spring mattresses and/or frames for upholstering, wood machining, veneering, wood turning, carving in connection with the manufacture and/or repair of furniture, the polishing and/or repolishing of pianos or the manufacture and/or staining, spraying and polishing and/or repairing of tea-room, office, church, school, bar or theatre furniture and cabinets for musical instruments and radio or wireless or television cabinets and shall include the manufacture of all types of furniture for domestic purposes as well as the manufacture from wood of organs, billiard tables and/or refrigerators and shall include the manufacture or processes in the manufacture of bedding, the definition and interpretation of which shall include all types of mattresses, spring mattresses, overlays, pillows, bolsters and cushions, including the activities carried on in any premises where wood machining, wood turning and/or carving in connection with the manufacture of furniture are carried on; including further the repairing, re-upholstering or repolishing of furniture in or in connection with establishments in which the preparation of any article of furniture either in whole or in part is carried on and the veneering of laminated blockboard or plywood doors used for furniture and all parts of materials used in the manufacture of furniture and the manufacture of stoep, garden and camp furniture, but excluding both the manufacture of articles made principally of wicker, grass and/or cane and the manufacture of metal furniture including the manufacture of metal bedsteads.

(b) That portion of the Furniture Manufacturing Industry concerned with the manufacture of television

landdrosdistrikte Alberton, Bellville, Brits, Die Kaap, Durban, Johannesburg, Malmesbury, Pretoria en Wynberg.

(c) Daardie deel van die Meubelnywerheid gemeoid met beitswerk en/of spuitwerk en/of poleerwerk en/of herpoleerwerk aan en/of die herstel van televisiekabinette in die landdrosdistrikte Alberton, Bellville, Brits, Die Kaap, Durban, Johannesburg, Malmesbury, Pretoria en Wynberg.

*Posadres van applikant.*—Posbus 2040, Johannesburg, 2000.

*Kantooradres van applikant.*—Vierde Verdieping, Meubelsentrum, hoek van Kerk- en Mooistraat, Johannesburg.

Die aandag word gevestig op onderstaande vereistes van artikels 4 en 7 van die Wet:

(a) Die mate waarin 'n beswaarmakende vakvereniging verteenwoordigend is, word ingevolge artikel 4 (4), soos toegepas by artikel 7 (5), bepaal volgens die feite soos hulle bestaan het op die datum waarop die aansoek ingedien is, en wat die lidmaatskap betref, word alleen lede wat ingevolge artikel 1 (2) van die Wet op voormelde datum volwaardige lede was, in aanmerking geneem.

(b) Die prosedure voorgeskryf by artikel 4 (2) moet gevolg word in verband met 'n beswaar wat ingedien word.

M. W. J. LE ROUX, Nywerheidsregistrateur.

(12 September 1980)

#### KENNISGEWING 631 VAN 1980

#### DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG-BENUTTING

#### WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

#### AANSOEK OM VERANDERING VAN DIE REGISTRASIEBESTEK VAN 'N NYWERHEIDSVERSOENING

Ek, Mattheus Willem Johannes le Roux, Nywerheidsregistrateur, maak ingevolge artikel 19 (2), soos toegepas by artikel 19 (9), van bogenoemde Wet, hierby bekend dat 'n aansoek om die verandering van sy registrasiebestek ontvang is van die Nywerheidsraad vir die Elektrotegniese Nywerheid (Natal). Besonderhede van die aansoek word in onderstaande tabel verstrekk.

Enige persoon wat teen die aansoek beswaar maak, word versoek om binne een maand vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing sy beswaar skriftelik by my in te dien, p/a die Departement van Mannekragbenutting, Laboriëgebou, hoek van Paul Kruger- en Schoemanstraat, Pretoria (Posadres: Priwaatsak X117, Pretoria, 0001).

#### TABEL

*Naam van Nywerheidsraad.*—Nywerheidsraad vir die Elektrotegniese Nywerheid (Natal).

*Datum waarop aansoek ingedien is.*—17 Maart 1980.

*Belange en gebied ten opsigte waarvan aansoek gedoen word.*—Die Elektrotegniese Aannemingsbedryf in die landdrosdistrikte Alfred, Babanango, Bergville, Dannhauser, Eshowe, Glencoe, Impendle, Inanda, Ingwavuma, Kranskop, Mahlabatini, Mapamulo, Mooirivier, Msinga, Mtonjaneni, Ndwedwe, New Hanover, Ngotshe, Nkandla, Nongoma, Nqutu, Paulpietersburg, Pietermaritzburg, Polela, Port Shepstone, Richmond,

cabinets in the Magisterial Districts of Alberton, Bellville, Brits, Durban, Johannesburg, Malmesbury, Pretoria, The Cape and Wynberg.

(c) That portion of the Furniture Manufacturing Industry concerned with the staining and/or spraying and/or polishing and/or repolishing and/or repairing of television cabinets in the Magisterial Districts of Alberton, Bellville, Brits, Durban, Johannesburg, Malmesbury, Pretoria, The Cape and Wynberg.

*Postal address of applicant.*—P.O. Box 2040, Johannesburg, 2000.

*Office address of applicant.*—Fourth Floor, Furniture Centre, corner of Kerk and Mooi Streets, Johannesburg.

Attention is drawn to the following requirements of sections 4 and 7 of the Act:

(a) The representativeness of any trade union which objects to the application shall in terms of section 4 (4) as applied by section 7 (5) be determined on the facts as they existed at the date on which the application was lodged and, as far as membership is concerned, only members who were in good standing in terms of section 1 (2) of the Act as at the aforesaid date shall be taken into consideration.

(b) The procedure laid down in section 4 (2) must be followed in connection with any objection lodged.

M. W. J. LE ROUX, Industrial Registrar.

(12 September 1980)

#### NOTICE 631 OF 1980

#### DEPARTMENT OF MANPOWER UTILISATION

#### INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

#### APPLICATION FOR VARIATION OF SCOPE OF REGISTRATION OF AN INDUSTRIAL COUNCIL

I, Mattheus Willem Johannes le Roux, Industrial Registrar, do hereby, in terms of section 19 (2), as applied by section 19 (9), of the above-mentioned Act, give notice that an application for the variation of its scope of registration has been received from the Electrical Industrial Council (Natal). Particulars of the application are reflected in the subjoined table.

Any person who objects to the application is invited to lodge his objection in writing with me, c/o the Department of Manpower Utilisation, Laboria Buildings, corner of Paul Kruger and Schoeman Streets, Pretoria (postal address: Private Bag X117, Pretoria, 0001) within one month of the date of publication of this notice.

#### TABEL

*Name of Industrial Council.*—Electrical Industrial Council (Natal).

*Date on which application was lodged.*—17 March 1980.

*Interests and area in respect of which application is made.*—The Electrical Contracting Industry in the Magisterial Districts of Alfred, Babanango, Bergville, Dannhauser, Eshowe, Glencoe, Impendle, Inanda, Ingwavuma, Kranskop, Mahlabatini, Mapamulo, Mooi River, Msinga, Mtonjaneni, Ndwedwe, New Hanover, Ngotshe, Nkandla, Nongoma, Nqutu, Paulpietersburg, Pietermaritzburg, Polela, Port Shepstone, Richmond,

Ubombo, Umbumbula, Umvoti, Underberg, Utrecht en Weenen, maar uitgesonderd enige gedeeltes van hierdie landdrosdistrikte wat ingevolge Proklamasie R. 11, 1977, wat in die *Staatskoerant* van 28 Januarie 1977 verskyn het, binne die selfregerende gebied KwaZulu val.

“Elektrotegniese Aannemingsbedryf” beteken die Nywerheid waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is vir enigeen van of al die volgende werksaamhede:

(a) Die ontwerp, bereiding, oprigting, installering, herstel en onderhoud van alle elektriese uitrusting wat 'n integrerende en permanente deel van 'n gebou uitmaak, met inbegrip van bedrading, kabellaswerk, die lê van kables, die aanlê van boggrondse elektriese lyne, en alle ander werksaamhede wat daarmee gepaard gaan, afgesien daarvan of die werk verrig of die materiaal berei word op die terrein van die geboue of strukture of elders.

(b) Die ontwerp, bereiding, oprigting, installering, herstel en onderhoud van alle elektriese uitrusting wat nodig is vir die doel waarvoor 'n gebou gebruik word, met inbegrip van bedrading, kabellaswerk, die lê van kables, die aanlê van boggrondse elektriese lyne, en alle ander werksaamhede wat daarmee gepaard gaan, afgesien daarvan of die werk verrig of die materiaal berei word op die terrein van die geboue of strukture of elders.

(c) Die ontwerp, bereiding, oprigting, installering, herstel en onderhoud van alle elektriese uitrusting wat nodig is vir die oprigting, verbouing, herstel en onderhoud van geboue, met inbegrip van bedrading, kabellaswerk, die lê van kables, die aanlê van boggrondse elektriese lyne, en alle ander werksaamhede wat daarmee gepaard gaan, afgesien daarvan of die werk verrig of die materiaal berei word op die terrein van die geboue of strukture of elders.

Vir die toepassing van paragrawe (a), (b) en (c) omvat “elektriese uitrusting”—

(i) elektriese kables en boggrondse lyne;

(ii) generators, motore, konvertors, skakel- en kontrole-uitrusting (met inbegrip van relés, kontakters, elektriese instrumente en uitrusting wat daarmee in verband staan, maar uitgesonderd radiotoestelle en verwante elektriese apparaat, seinuitrusting en ander uitrusting waarby gebruik gemaak word van die beginsels wat toegepas word by die bediening van radio- of elektroniese uitrusting), elektriese verligtings-, verwarmings-, kook-, verkoel- en afkoelingsuitrusting, huishoudelike elektriese uitrusting, primêre en sekondêre selle en batterye, transformators en oonduitrusting.

Voorts, vir die toepassing van paragrawe (a), (b) en (c) omvat “ontwerp, bereiding, oprigting, installering, herstel en onderhoud” nie die volgende nie:

(aa) Die vervaardiging, installering, herstel en/of onderhoud van hysers en roltrappe;

(ab) die vervaardiging, deur middel van herhalingsmetodes, van voornoemde uitrusting of samestellende dele daarvan;

(ac) die bedrading van motorvoertuie of installering in motorvoertuie van verligtings-, verwarmings- of ander uitrusting of toebehore, hetsy permanent of andersins;

(ad) die vervaardiging en/of fabrisering en/of inmeekaarsit en/of herbou van batterye van die loodsuur-tipe en/of samestellende dele daarvan;

Ubombo, Umbumbula, Umvoti, Underberg, Utrecht and Weenen, but excluding any portions of these Magisterial Districts falling within the selfgoverning territory of KwaZulu in terms of Proclamation R. 11, 1977 which appeared in the *Government Gazette* of 28 January 1977.

“Electrical Contracting Industry” means the Industry in which employers and employees are associated for any or all of the following operations:

(a) The design, preparation, erection, installation, repair and maintenance of all electrical equipment forming an integral and permanent part of a building, including any wiring, cable jointing and laying, electrical overhead line construction, and all other operations incidental thereto, whether the work is performed or the material is prepared on the site of the buildings or structures or elsewhere.

(b) The design, preparation, erection, installation, repair and maintenance of all electrical equipment incidental to the purpose for which a building is used, including any wiring, cable jointing and laying, electrical overhead line construction, and all other operations incidental thereto, whether the work is performed or the material is prepared on the site of the buildings or structures or elsewhere.

(c) The design, preparation, erection, installation, repair and maintenance of all electrical equipment incidental to the construction, alteration, repair and maintenance of buildings, including any wiring, cable jointing and laying, electrical overhead line construction, and all other operations incidental thereto, whether the work is performed or the material is prepared on the site of the buildings or structures or elsewhere.

For the purpose of paragraphs (a), (b) and (c) “electrical equipment” shall include—

(i) electrical cables and overhead lines;

(ii) generators, motors, convertors, switch and control gear (including relays, contactors, electrical instruments and equipment associated therewith, but excluding radio sets and allied electrical apparatus, signalling equipment and other equipment utilising the principles used in the operation of radio or electronic equipment, electrical lighting, heating, cooking, refrigeration and cooling equipment, domestic electrical equipment, primary and secondary cells and batteries, transformers and furnace equipment.

Further for the purposes of paragraphs (a) (b) and (c), “design, preparation, erection, installation, repair and maintenance” shall not include—

(aa) the manufacture, installation, repair and/or maintenance of lifts and escalators;

(ab) the manufacture by repetitive methods of the aforementioned equipment or component parts thereof;

(ac) the wiring of or installation in motor vehicles of lighting, heating or other equipment or fixtures whether permanent or otherwise;

(ad) the manufacture and/or fabrication and/or assembly and/or rebuilding of lead acid type batteries and/or component parts thereof;



(ae) die installering en/of versiening en/of herstel van loodsuurbatterye van die vaste tipe of samestellende dele daarvan wanneer die werk verrig word deur die vervaardiger van die battery of samestellende deel;

(af) die installering en/of versiening en/of herstel van motorvoertuigbatterye van die loodsuurtipe of samestellende dele daarvan wanneer die werk verrig word deur die vervaardiger van die battery of samestellende deel ooreenkomstig die vervaardiger se waarborg;

(ag) die verkoop, herstel en/of versiening van tikmasjiene en/of ander meganiese kantoortoestelle;

(ah) die inmeekaarsit en/of versiening en/of installering en/of onderhoud en/of herstel van een of meer van die toestelle, uitrusting, masjiene, inrigtings of apparaat in (ai) hieronder bedoel;

(ai) die bemarking van toestelle, uitrusting, masjiene, inrigtings en apparaat, ongeag of dit met die hand werk of volgens fotografiese, meganiese, elektrotegniese, elektrostatische of elektroniese beginsels of enige kombinasie van sodanige beginsels wat hoofsaaklik bedoel is vir gebruik by rekeningkundige en/of besigheids- en/of berekenings- en/of kantoorprosedures, oral waar sodanige bemarking geskied tesame met een of meer van die werksaamhede in (ah) bedoel;

(aj) die verbinding van die toestelle, uitrusting, masjiene, inrigtings en apparaat in (ai) bedoel, met die bedrading van 'n gebou of bouwerk, uitgesonderd deur middel van 'n sok of dergelyke uitlaat wat vir dié doel verskaf word.

*Belange en gebied ten opsigte waarvan registrasie gehou word.*—Die belange soos hierbo uiteengesit, in die landdrosdistrikte Durban en Pinetown.

*Posadres van applikant.*—Posbus 722, Durban, 4000.

*Kantooradres van applikant.*—4de Verdieping, Metal Industries House, Ordenanceweg 15, Durban.

Die prosedure soos voorgeskryf by paragrawe (b), (c), (d), (e) en (f) van artikel 19 (2) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, moet gevolg word in verband met enige besware wat ingedien word.

M. W. J. LE ROUX, Nywerheidsregistrator.  
(12 September 1980)

#### KENNISGEWING 632 VAN 1980

#### DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN VISSERYE

#### WET OP AGENTSKAPSVERKOPING VAN LANDBOUPRODUKTE, 1975 (WET 12 VAN 1975)

Ooreenkomstig artikel 14 van die Wet op Agentskapsverkoop van Landbouprodukte, 1975 (Wet 12 van 1975), word hierby vir algemene inligting bekendgemaak dat mnr. G. S. Lansdell wat te Markstraat, Uitenhage, onder die handelsnaam Uitenhage Mark-agente besigheid gedryf het as kommissie-agent, as sodanig vrywillig besigheid gestaak het met ingang van 28 Junie 1980.

(12 September 1980)

#### KENNISGEWING 633 VAN 1980

#### DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN VISSERYE

#### WET OP AGENTSKAPSVERKOPING VAN LANDBOUPRODUKTE, 1975 (WET 12 VAN 1975)

Ooreenkomstig artikel 14 van die Wet op Agentskapsverkoop van Landbouprodukte, 1975 (Wet 12

(ae) the installation and/or servicing and/or repair of stationary type lead acid batteries or component parts thereof, when performed by the manufacturer of the battery or component part;

(af) the installation and/or servicing and/or repair of motor vehicle batteries of the lead acid type or component parts thereof, when performed by the manufacturer of the battery or component part in terms of the manufacturer's guarantee;

(ag) the sale, repair and/or servicing of typewriting machines and/or other mechanical office appliances;

(ah) the assembling and/or servicing and/or installation and/or maintenance and/or repair of any one or more of the appliances, equipment, machines, devices or apparatus referred to in (ai) below;

(ai) the marketing of appliances, equipment, machines, devices and apparatus, whether utilising manual, photographic, mechanical, electrical, electrostatic or electronic principles or any combination of such principles, primarily intended for use in accounting and/or business and/or calculating and/or office procedures, wherever such marketing is carried on in conjunction with any one or more of the activities referred to in (ah);

(aj) the connection to the wiring of a building or building structure of the appliances, equipment, machines, devices and apparatus referred to in (ai), other than by means of a socket or similar outlet provided for the purpose.

*Interest and area in respect of which registration is held.*—The interests set out above, in the Magisterial Districts of Durban and Pinetown.

*Postal address of applicant.*—P.O. Box 722, Durban, 4000.

*Office address of applicant.*—Fourth Floor, Metal Industries House, 15 Ordenance Road, Durban.

The procedure laid down in paragraphs (b), (c), (d), (e) and (f) of section 19 (2) of the Industrial Conciliation Act, 1956, must be followed in connection with any objections lodged.

M. W. J. LE ROUX, Industrial Registrar.  
(12 September 1980)

#### NOTICE 632 OF 1980

#### DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND FISHERIES

#### AGRICULTURAL PRODUCE AGENCY SALES ACT, 1975 (ACT 12 OF 1975)

It is hereby notified for general information, in terms of section 14 of the Agricultural Produce Agency Sales Act, 1975 (Act 12 of 1975), that Mr G. S. Lansdell who carried on business as commission agent at Market Street, Uitenhage, under the trade name Uitenhage Market Agents, voluntarily ceased carrying on business as such with effect from 28 June 1980.

(12 September 1980)

#### NOTICE 633 OF 1980

#### DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND FISHERIES

#### AGRICULTURAL PRODUCE AGENCY SALES ACT, 1975 (ACT 12 OF 1975)

It is hereby notified for general information, in terms of section 14 of the Agricultural Produce Agency Sales

van 1975), word hierby vir algemene inligting bekendgemaak dat mev. M. W. Goosen wat te Cawoodstraat, Cradock, onder die handelsnaam Cradock Mark besigheid gedryf het as kommissie-agent, as sodanig vrywillig besigheid gestaak het met ingang van 1 September 1980.

(12 September 1980)

#### KENNISGEWING 634 VAN 1980

##### WATERWESE, BOSBOU EN OMGEWINGSBEWARING

#### VAALKOP-WATERRAAD.—AANSTELLING VAN LID

Hierby word bekendgemaak dat die Minister van Waterwese, Bosbou en Omgewingsbewaring kragtens artikel 109 (4) van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), mnr. J. G. Badenhorst in die plek van mnr. J. J. van der Westhuizen as lid van die Vaalkop-waterraad aangestel het met ingang van die datum van hierdie kennisgewing tot 28 Maart 1982.

(12 September 1980)

#### KENNISGEWING 635 VAN 1980

#### DIE SUID-AFRIKAANSE RAAD OP VERPLEGING.—AANWYSING VAN 'N LID VAN DIE RAAD VIR DIE TYDPERK WAT OP 31 MAART 1984 TEN EINDE LOOP

Ingevolge artikel 5 (6) van die Wet op Verpleging, Wet 50 van 1978, word kennis gegee van die aanwysing van professor C. F. Slabber as lid van die Raad ingevolge artikels 5 (1) (e) en 6 (2) van die Wet met ingang 1 Augustus 1980 in die plek van Luitenant-generaal C. R. Cockcroft.

(12 September 1980)

#### KENNISGEWING 636 VAN 1980

##### DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG- BENUTTING

#### WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

#### AANSOEK OM VERANDERING VAN DIE REGISTRASIEBESTEK VAN 'N WERKGEWERSORGANISASIE

Ek, Mattheus Willem Johannes le Roux, Nywerheids-registrateur, maak ingevolge artikel 4 (2), soos toegepas by artikel 7 (5), van bogenoemde Wet, hierby bekend dat 'n aansoek om die verandering van sy registrasiebestek ontvang is van die Electrical Contractors' Association (South Africa). Besonderhede van die aansoek word in onderstaande tabel verstrek.

Enige geregistreerde werkgewersorganisasie wat teen die aansoek beswaar maak, word versoek om binne een maand na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing sy beswaar skriftelik by my in te dien, p/a die Departement van Mannekragbenutting, Laboriagebou, hoek van Paul Kruger- en Schoemanstraat, Pretoria (Posadres: Privaat sak X117, Pretoria, 0001).

#### TABEL

*Naam van werkgewersorganisasie.*—Electrical Contractors' Association (South Africa).

*Datum waarop aansoek ingedien is.*—29 Julie 1980.

*Belange en gebied ten opsigte waarvan aansoek gedoen word.*—Werkgewers betrokke by die Elektrotegniese Aannemingsnywerheid in die landdrosdistrik Mount Currie.

Act, 1975 (Act 12 of 1975), that Mrs M. W. Goosen who carried on business as commission agent at Cawood Street, Cradock, under the trade name Cradock Market voluntarily ceased carrying on business as such with effect from 1 September 1980.

(12 September 1980)

#### NOTICE 634 OF 1980

##### WATER AFFAIRS, FORESTRY AND ENVIRONMENTAL CONSERVATION

#### VAALKOP WATER BOARD.—APPOINTMENT OF MEMBER

It is hereby notified that the Minister of Water Affairs, Forestry and Environmental Conservation has, in terms of section 109 (4) of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), appointed Mr J. G. Badenhorst vice Mr J. J. van der Westhuizen to serve as member of the Vaalkop Water Board as from the date of this notice until 28 March 1982.

(12 September 1980)

#### NOTICE 635 OF 1980

#### THE SOUTH AFRICAN NURSING COUNCIL.— DESIGNATION OF A MEMBER OF THE COUNCIL FOR THE PERIOD ENDING 31 MARCH 1984

In terms of section 5 (6) of the Nursing Act, Act 50 of 1978, notice is given of the designation of Professor C. F. Slabber as a member of the Council in terms of sections 5 (1) (e) and 6 (2) of the Act with effect from 1 August 1980 vice Lieutenant-General C. R. Cockcroft.

(12 September 1980)

#### NOTICE 636 OF 1980

##### DEPARTMENT OF MANPOWER UTILISATION INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

#### APPLICATION FOR VARIATION OF SCOPE OF REGISTRATION OF AN EMPLOYERS' ORGANISATION

I, Mattheus Willem Johannes le Roux, Industrial Registrar, do hereby, in terms of section 4 (2) as applied by section 7 (5) of the above-mentioned Act, give notice that an application for the variation of its scope of registration has been received from the Electrical Contractors' Association (South Africa). Particulars of the application are reflected in the subjoined table.

Any registered employers' organisation which objects to the application is invited to lodge its objection in writing with me, c/o the Department of Manpower Utilisation, Laboria Buildings, corner of Paul Kruger and Schoeman Streets, Pretoria (Postal address: Private Bag X117, Pretoria, 0001), within one month of the date of publication of this notice.

#### TABLE

*Name of employers' organisation.*—Electrical Contractors' Association (South Africa).

*Date on which application was lodged.*—29 July 1980.

*Interests and area in respect of which application is made.*—Employers engaged in the Electrical Contracting Industry in the Magisterial District of Mount Currie.

“Elektrotegniese Aannemingsnywerheid” beteken die nywerheid waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is vir—

(a) die ontwerp, voorbereiding, oprigting, installering, herstel en instandhouding van alle elektriese uitrusting wat 'n integrerende en permanente deel uitmaak van geboue of bouwerke, met inbegrip van bedrading, kabellaswerk en kabelaanlegwerk, die konstruksie van elektriese oorhoofse lyne en alle ander werksaamhede wat daarmee in verband staan, afgesien daarvan of die werk verrig of die materiaal voorberei word op die terrein van die geboue of bouwerke of elders;

(b) die ontwerp, voorbereiding, oprigting, installering, herstel en instandhouding van alle elektriese uitrusting wat in verband staan met die doel waarvoor 'n gebou of bouwerk gebruik word, met inbegrip van bedrading, kabellaswerk en kabelaanlegwerk, die konstruksie van elektriese oorhoofse lyne en alle ander werksaamhede wat daarmee in verband staan, afgesien daarvan of die werk verrig of die materiaal voorberei word op die terrein van die geboue of bouwerke of elders;

(c) die ontwerp, voorbereiding, oprigting, installering, herstel en instandhouding van alle elektriese uitrusting wat in verband staan met die oprigting, verbouing, herstel en instandhouding van geboue of bouwerke, met inbegrip van bedrading, kabellaswerk, kabelaanlegwerk, die konstruksie van elektriese oorhoofse lyne en alle ander werksaamhede wat daarmee in verband staan, afgesien daarvan of die werk verrig of die materiaal voorberei word op die terrein van die geboue of bouwerke of elders;

(d) die ontwerp, voorbereiding, oprigting, installering, herstel en instandhouding van elektriese uitrusting wat 'n integrerende en permanente deel uitmaak van geboue wat nie deur (a), (b) of (c) hierbo gedek word nie, met inbegrip van bedrading, kabellaswerk, kabelaanlegwerk, die konstruksie van elektriese oorhoofse lyne en alle ander werksaamhede wat daarmee in verband staan, afgesien daarvan of die werk verrig of die materiaal voorberei word op die terrein van die geboue of bouwerke of elders.

Vir die doel van die omskrywing omvat “elektriese uitrusting ook—

(i) elektriese kables en oorhoofse lyne;

(ii) generators, motore, konvertors, skakel- en beheeruitrusting (met inbegrip van relê, kontakters, elektriese instrumente en uitrusting wat daarmee geassosieer word), maar sluit radiostelle en aanverwante elektriese apparaat, seinuitrusting en ander uitrusting uit waarin gebruik gemaak word van die beginsels wat in die werking van radio- of elektroniese uitrusting gevolg word, elektriese verligtings-, verwarmings-, kook- en koeluitrusting, primêre en sekondêre selle en batterye, transformators en oonduitrusting, en voorts, vir die doel van hierdie omskrywing, omvat “ontwerp, voorbereiding, oprigting, installering, herstel en instandhouding” nie ook die volgende nie:

(i) Die vervaardiging, installering, herstel en/of instandhouding van hysers en roltrappe;

(ii) die vervaardiging, volgens herhalingsmetodes, van voornoemde uitrusting, of samestellende dele daarvan;

(iii) die bedrading of installering in motorvoertuie van verligtings-, verwarmings- of ander uitrusting of toebehorens, hetsy permanent of andersins;

(iv) die vervaardiging, herstel en versiening van motorvoertuigbatterye; en

“Electrical Contracting Industry” means the industry in which employers and employees are associated for—

(a) the design, preparation, erection, installation, repair and maintenance of all electrical equipment forming an integral and permanent portion of buildings or structures, including any wiring, cable jointing and laying, electrical overhead line construction and all other operations incidental thereto, whether the work is performed or the material is prepared on the site of the buildings or structures or elsewhere;

(b) the design, preparation, erection, installation, repair and maintenance of all electrical equipment incidental to the purpose for which a building or structure is used, including any wiring, cable jointing and laying, electrical overhead line construction and all other operations incidental thereto, whether the work is performed or the material is prepared on the site of the buildings or structures or elsewhere;

(c) the design, preparation, erection, installation, repair and maintenance of all electrical equipment incidental to the construction, alteration, repair and maintenance of buildings or structures, including any wiring, cable jointing and laying, electrical overhead line construction and all other operations incidental thereto, whether the work is performed or the material is prepared on the site of the buildings or structures or elsewhere;

(d) the design, preparation, erection, installation, repair and maintenance of electrical equipment forming an integral and permanent portion of buildings not covered by (a), (b) or (c) above, including any wiring, cable jointing and laying, electrical overhead line construction and all other operations incidental thereto, whether the work is performed or the material is prepared on the site of the buildings or structures or elsewhere. For the purposes of this definition “electrical equipment” shall include—

(i) electrical cables and overhead lines;

(ii) generators, motors, convertors, switch and control gear (including relays, contactors, electrical instruments and equipment associated therewith) but excluding radio sets and allied electrical apparatus, signalling equipment and other equipment utilising the principles used in the operation of radio or electronic equipment, electrical lighting, heating, cooking and cooling equipment, primary and secondary cells and batteries, transformers and furnace equipment, and further for the purposes of this definition “design, preparation, erection, installation, repair and maintenance” shall not include—

(i) the manufacture, installation, repair and/or maintenance of lifts and escalators;

(ii) the manufacture by repetitive methods of the aforementioned equipment or component parts thereof;

(iii) the wiring of or installation in motor vehicles of lighting, heating or other equipment or fixtures whether permanent or otherwise;

(iv) the manufacture, repair and servicing of motor vehicle batteries; and

(v) die verkoop en/of herstel en/of versiening van hand- en/of elektriese tikmasjiene en/of elektromeganiese kantoormasjiene en -uitrusting.

*Posadres van applikant.*—Posbus 5327, Johannesburg, 2000.

*Kantooradres van applikant.*—Carltonsentrum 408, Mainstraat, Johannesburg.

Die aandag word gevestig op onderstaande vereistes van artikels 4 en 7 van die Wet:

(a) Die mate waarin 'n beswaarmakende werkgewers-organisasie verteenwoordigend is, word ingevolge artikel 4 (4), soos toegepas by artikel 7 (5), bepaal volgens die feite soos hulle bestaan het op die datum waarop die aansoek ingedien is, en wat die lidmaatskap betref, word alleen lede wat ingevolge artikel 1 (2) van die Wet op voormelde datum volwaardige lede was, in aanmerking geneem.

(b) Die prosedure voorgeskryf by artikel 4 (2), moet gevolg word in verband met 'n beswaar wat ingedien word.

M. W. J. LE ROUX, Nywerheidsregistrator.

(12 September 1980)

KENNISGEWING 637 VAN 1980  
DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN  
TANDHEELKUNDIGE RAAD  
KENNISGEWING INSAKE GELDETARIEWE  
VIR FISIOTERAPEUTE

Hiermee word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad van voorneme is om, kragtens artikel 53A (1) (b) van die Wet op Geneesher, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoepes, 1974 (Wet 56 van 1974), ondersoek in te stel na 'n geldetarief ten opsigte van dienste gelewer deur fisioterapeute, en om so 'n geldetarief te bepaal.

Die Raad is bereid om, nie later nie as 30 dae na die publikasie van hierdie kennisgewing, ingevolge artikel 53A (2) van die voormelde Wet vertoë te ontvang van die Suid-Afrikaanse Fisioterapievereniging, die Verteenwoordigende Vereniging van Mediese Skemas in artikel 23A van die Wet op Mediese Skemas, 1967 (Wet 72 van 1967), bedoel, en enige liggaam van persone wat verteenwoordigend is van die meerderheid van die persone wie se name in die register ten opsigte van 'n fisioterapeutiese dissipline verskyn. In die geval van laasgenoemde moet die betrokke liggaam, tesame met die vertoë wat hy wil rig, bewys voorlê van die gronde waarop hy beweer hy aldus verteenwoordigend is.

Die Raad se posadres is Posbus 205, Pretoria, 0001 en die kantooradres is Oranje-Nassaugebou 6115, Schoemanstraat 188, Pretoria.

(12 September 1980)

KENNISGEWING 638 VAN 1980  
KOÖPERATIEWE MAATSKAPPY WAT VAN DIE  
REGISTER GESKRAP IS.—KEKKEL EN KRAAI  
(KOÖPERATIEF) BEPERK

Hiermee word bekendgemaak dat die naam van bogenoemde maatskappy op 28 Augustus 1980 ingevolge die bepalings van artikel 89 van die Wet op Koöperatiewe Verenigings, 1939, van die register geskrap is.

Registrator van Koöperatiewe Verenigings.

(12 September 1980)

(v) the sale and/or repair and/or servicing of manually and/or electrically operated typewriters and/or electromechanical office machines and equipment.

*Postal address of applicant.*—P.O. Box 5327, Johannesburg, 2000.

*Office address of applicant.*—408 Carlton Centre, Main Street, Johannesburg.

Attention is drawn to the following requirements of sections 4 and 7 of the Act:

(a) The representativeness of any employers' organisation which objects to the application shall in terms of section 4 (4) as applied by section 7 (5) be determined on the facts as they existed at the date on which the application was lodged and, as far as membership is concerned, only members who were in good standing in terms of section 1 (2) of the Act as at the aforesaid date shall be taken into consideration.

(b) The procedure laid down in section 4 (2) must be followed in connection with any objection lodged.

M. W. J. LE ROUX, Industrial Registrar.

(12 September 1980)

NOTICE 637 OF 1980  
THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND  
DENTAL COUNCIL  
NOTICE CONCERNING TARIFFS OF FEES  
FOR PHYSIOTHERAPISTS

It is hereby notified for general information that the South African Medical and Dental Council intends to conduct an inquiry into and to determine, in terms of section 53A (1) (b) of the Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act, 1974 (Act 56 of 1974), a tariff of fees in respect of services rendered by physiotherapists.

The Council is prepared to receive, not later than 30 days after publication of this notice, representations, in terms of section 53A (2) of the said Act, from the South African Society of Physiotherapy, the Representative Association of Medical Schemes referred to in section 23A of the Medical Schemes Act, 1967 (Act 72 of 1967), and any body of persons which is representative of the majority of persons whose names appear in the register in respect of a discipline of physiotherapy. In the last-mentioned case the body concerned shall, together with the representations it wishes to make, submit evidence of the grounds on which it claims to be representative of the persons concerned.

The postal address of the Council is P.O. Box 205, Pretoria, 0001, and the office address is 6115 Oranje-Nassau Buildings, 188 Schoeman Street, Pretoria.

(12 September 1980)

NOTICE 638 OF 1980  
CO-OPERATIVE COMPANY STRUCK OFF THE  
REGISTER.—KEKKEL EN KRAAI (KOÖPERA-  
TIEF) BEPERK

Notice is hereby given that the name of the above-mentioned company was struck off the register on 28 August 1980 in terms of section 89 of the Co-operative Societies Act, 1939.

Registrar of Co-operative Societies.

(12 September 1980)

## KENNISGEWING 639 VAN 1980

DEPARTEMENT VAN POS- EN  
TELEKOMMUNIKASIEWESE

## WYSIGING VAN POSORDERTARIEFLYS

Kragtens die bevoegdheid wat by artikel 2B (1) (e), van die Poswet, 1958 (Wet 44 van 1958) aan hom verleen is, maak die Posmeester-generaal bekend dat die lys van posordertariewe vervat in die Bylae tot die Posorderregulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 608 van 29 April 1960, soos gewysig, met ingang van 1 Oktober 1980 verder gewysig word soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

## BYLAE

1.0 Vervang die bestaande item 1 deur die volgende:

## "1. KOMMISSIETARIEWE:

Waardesoort	Kommissie
5c, 10c.....	1
20c.....	2
30c, 40c, 50c.....	3
60c, 70c, 80c, 90c.....	5
R1.....	7
R2.....	10
R4, R5, R10.....	15
R20.....	20
R50.....	30"

2.0 Vervang die bestaande item 2 deur die volgende:

"2. Vir die verlenging van die geldigheidsduur van 'n posorder of vir die terugbetaling van die hoofsom van 'n verlore of verminkte order sal 'n heffing gelyk aan die kommissie op 'n order van die betrokke waardesoort betaalbaar wees."

(12 September 1980)

## KENNISGEWING 641 VAN 1980

## DEPARTEMENT VAN VERVOER

WET OP LUGDIENSTE, 1949 (WET 51 VAN 1949),  
SOOS GEWYSIG

Hierby word ingevolge die bepalings van artikel 5 (a) en (b) van Wet 51 van 1949 en regulasie 5 van die Regulasies vir Burgerlugdienste, 1964, vir algemene inligting bekendgemaak dat die Nasionale Vervoer-kommissie die aansoeke waarvan besonderhede in die Bylaes hieronder verskyn, sal aanhoor.

Vertoë ingevolge artikel 6 (1) van Wet 51 van 1949 ter ondersteuning of bestryding van 'n aansoek moet die Direkteur-generaal: Vervoer (Tak Burgerlugvaart), Private X193, Pretoria, 0001 en die aansoeker binne 21 dae na die datum van publikasie hiervan bereik en daarin moet gemeld word of die persoon of persone wat aldus vertoë rig, van plan is om die verrigtings by te woon of om daar verteenwoordig te word.

Die Kommissie sal reël dat kennis van die datum, tyd en plek van die verrigtings skriftelik gegee word aan die aansoeker en al die persone wat aldus vertoë gerig het en wat verlang om aldus verteenwoordig of teenwoordig te wees.

## BYLAE A

LYS VAN AANSOEKE OM DIE TOESTAAN  
VAN LISENSIES

(A) Naam en adres van applikant. (B) Naam waaronder die lugdiens geëxploiteer gaan word. (C) Besonderhede van lugdiens. (i) Gebiede wat bedien gaan word. (ii) Roete(s) wat bedien gaan word. (iii)

## NOTICE 639 OF 1980

DEPARTMENT OF POSTS AND  
TELECOMMUNICATIONS

## AMENDMENT OF POSTAL ORDER TARIFF

